

Toetrede

Liturgie van die Lig

Somerdag

Wie het die wêreld gemaak?
Die sierlike swaan, die pronkende pou?
Wie het die sprinkaan gemaak?
Hierdie een wat uit die gras gespring het
en nou suiker uit my hand eet?
Hy met sy yslike, ronde oë ...
Nou lig hy sy fyn voorpootjies en vrywe sy gesig ...
Dan wip die vlerkies oop en hy swewe weg.

Eintlik weet ek nie wat 'n gebed is nie.
Ek weet hoe om na dinge te kyk,
weet hoe om my in die gras neer te vly,
deur die veld te loop, rustig en geseënd,
want dis wat ek die hele dag gedoen het.
Wat anders moet ek doen?
Alles moet sterf – en veels te gou.

Sê my, wat wil jy doen
met jou enigste, wonderlike, kosbare lewe?

Mary Oliver (1935-)

"The Summer Day" from

The Truro Bear and Other Adventures: Poems and Essays
Afrikaanse verwerking: Marie de Kock

Woorddiens

Kruiskerk Preekreeks: Wat glo ons? Geloofsbelydenis van 'n "Vakleerling"

Tema 4: Wat glo ons... van Jesus Christus?

Lesing 1: Filippense 1:21-30 (1953)

²¹ Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.
²² Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies, weet ek nie.
²³ Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;
²⁴ maar om in die vlees te bly, is nodiger om julle ontwil.
²⁵ En dit vertrou en weet ek dat ek sal bly, ja, saam met julle almal sal bly tot julle bevordering en blydskap in die geloof,
²⁶ sodat julle roem oor my oorvloedig kan wees in Christus Jesus deur my teenwoordigheid weer by julle.
²⁷ ALLEENLIK, gedra julle waardig die evangelie van Christus, sodat, of ek kom en julle sien dan wel of ek afwesig is, ek van julle omstandighede kan hoor dat julle in een gees vasstaan en, een van siel, saam stry vir die geloof van die evangelie,
²⁸ en dat julle jul in geen opsig laat afskrik deur die teëstanders nie. Dit is vir hulle wel 'n bewys van verderf, maar vir julle van redding, en dit van God;
²⁹ omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly,

³⁰ terwyl julle dieselfde stryd het as wat julle in my gesien het en nou van my hoor.

Lesing 2: Matteus 20:1-16 (1953)

¹ WANT die koninkryk van die hemele is soos 'n huisheer wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur.
² En nadat hy met die arbeiders ooreengekom het vir 'n penning op 'n dag, stuur hy hulle in sy wingerd.
³ En omtrent die derde uur gaan hy uit en sien ander ledig op die mark staan.
⁴ En hy sê vir hulle: Gaan julle ook in die wingerd, en wat reg is, sal ek aan julle gee. En hulle het gegaan.
⁵ Weer het hy omtrent die sesde en die negende uur uitgegaan en net dieselfde gedoen.
⁶ En omtrent die elfde uur gaan hy uit en vind ander ledig staan en sê vir hulle: Wat staan julle hier die hele dag ledig?
⁷ Hulle antwoord hom: Omdat niemand ons gehuur het nie. Hy sê vir hulle: Gaan julle ook in die wingerd, en wat reg is, sal julle ontvang.
⁸ En toe dit aand geword het, sê die heer van die wingerd vir sy opsigter: Roep die arbeiders en betaal hulle hul loon; en begin van die laastes af tot by die eerstes.
⁹ En die wat omtrent die elfde uur begin het, het gekom en elkeen 'n penning ontvang.
¹⁰ Die eerstes kom toe en dink dat hulle meer sal ontvang, en hulle het ook elkeen 'n penning ontvang.
¹¹ En toe hulle dit ontvang, murmureer hulle by die huisheer
¹² en sê: Hierdie laastes het een uur gewerk, en u het hulle gelykop behandel met ons wat die las van die dag en die hitte gedra het.
¹³ Maar hy antwoord en sê vir een van hulle: Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir 'n penning nie?
¹⁴ Neem dan wat joue is, en gaan heen. Ek wil aan hierdie laaste een gee net soos aan jou.
¹⁵ Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? Of is jou oog verkeerd, omdat ek goed is?
¹⁶ So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies.

Broodjies vir die Pad

Nothing is so destitute as a mind philosophizing about God when it is without Him.

~ St. Diadochos of Photiki (5th century)



Ek glo...

Ek glo in Jesus van Nasaret as die lewende Persoon met wie ek telkens in verhouding tree...

Wanneer ek tot Hom bid, omdat Hy my woorde en my swye hoor;

Wanneer ek oor Hom praat, omdat Hy telkens ons woord en begrip oorstyg;

Wanneer ek aan Hom vashou, omdat Hy genees wat stukkend en seer is;

Wanneer ek oor Hom dink, omdat Hy aanhoudend meer is as dit wat in die Heilige Geskrifte verkondig word;

Wanneer ek in Sy Naam doen, omdat Hy ons dring om lief te hê, te vergewe, goed te doen, deernis te wys, geregtigheid te soek en regverdig te leef;

Wanneer ek op Hom vertrou, omdat Hy die Redder is van die ewige Niks en die Middelaar tot iets wat meer is as die verganklikheid van hierdie lewe en wêreld;

Wanneer ek op Hom hoop, omdat Sy teenwoordigheid en krag steeds met ons is selfs buite die waarneming van sintuiglikheid;

Wanneer ek in Hom sterf, omdat Hy in my dood intree na die Lewe.

~ Wynand Nel



Every time I look at you I don't understand
Why you let the things you did get so out of hand.
You'd have managed better if you'd had it planned.
Why'd you choose such a backward time in such a
strange land?
If you'd come today you could have reached a whole
nation.
Israel in 4 BC had no mass communication.
Don't you get me wrong.
I only want to know.

Jesus Christ, Jesus Christ,
Who are you? What have you sacrificed?
Jesus Christ Superstar,
Do you think you're what they say you are?

Tell me what you think about your friends at the top.
Who'd you think besides yourself's the pick of the crop?
Buddha, was he where it's at? Is he where you are?
Could Mohammed move a mountain, or was that just
PR?
Did you mean to die like that? Was that a mistake, or
Did you know your messy death would be a record
breaker?
Don't you get me wrong.
I only want to know.

Jesus Christ, Jesus Christ,
Who are you? What have you sacrificed?
Jesus Christ Superstar,
Do you think you're what they say you are?

Andrew Lloyd Webber, Jesus Christ Superstar

Brood vir die Pad

Kom nader, sodat jy kan wegbly

deur Wilhelm Jordaan

Gaan stap een oggend vroeg en kom in die veld op 'n figuur af wat lyk soos 'n man met windverwaaide hare wat half gebukkend vorentoe strompel asof hy swaar dra.

Stap huiwerig nader. En stuit opeens in my spore. Die een arm van die figuur wink: "Kom nader"; die ander arm is omhoog en gee 'n duidelike teken: "Bly weg."

My oë wil dit nie glo nie. Skrik ook so effens. Want as jy alleen is en die sonnetjie steek al so dat die sonbesies sing, bedrieg die sintuie jou maklik en sien jy gesigte waar geen gesigte is nie.

Oplaas seëvier die ontledende rede. Die "figuur" is 'n droë houtstomp wat in die spel van lig en skaduwee tussen die bome deur die indruk van 'n lewende mens geskep het.

Agterna dink ek aan die figuur se "dubbele boodskap": "Kom nader, bly weg." En hoe dikwels mense in hul verhoudingslewe sulke seine aan mekaar stuur en daardeur mekaar seermaak of verlam.

Die begrip "Catch 22", soos die skrywer Joseph Heller dit in sy gelyknamige roman ontwikkel het, gee met snydende satire uitdrukking aan sulke kommunikasiepatrone wat maak dat mense in lewensituasies wat hulle ten nouste raak, voel hulle trek byna altyd aan die kortste ent en dat daar geen uitkoms is nie.

In die roman is dit die anti-held Yossarian ('n vlieënier-bombardier in die Tweede Wêreldoorlog) wat die slagoffer word van militêre kommunikasie wat gelaai is met "vangplekke" in die vorm van absurde, weersprekende opdragte en bevels.

Die alledaagse lewe wemel van sulke "vangplekke" – soms vermaaklik snaaks, maar dikwels ook die bron van 'n diep ongelukkigheid.

'n Komiese voorbeeld is die geval van 'n onderwyser wat aan 'n kind sê: "Moenie terugpraat nie! Praat wanneer daar met jou gepraat word!"

Dié uitdrukkings weerspreek mekaar: As die kind moet praat wanneer daar met hom gepraat word, is hy verplig om terug te praat. En as hy nie terugpraat nie, versuim hy om te praat as daar met hom gepraat word. Wat die kind ook al doen, hy is in die sop.

Daarmee die knyptang van die "vangplek": Die duiwel haal jou as jy praat; en die duiwel haal jou as jy nie praat nie!

Wen kan jy nie.

Ook in die verhouding tussen ouer en kind gebeur dit. Soos wanneer 'n pa en ma, met goeie bedoelings en tog onbedag, weersprekende eise aan 'n kind stel.

In haar gesprekke met haar seuntjie gee die ma byvoorbeeld te kenne: "Jy moet gehoorsaam wees aan jou pa."

En voeg in byna dieselfde asem by: "Ek hou nie daarvan dat jy met Gawie speel nie. Hy het slegte maniere en is gans te rof."

Die pa dra in sy gesprekke met die seun dié boodskappe oor: "Wees gehoorsaam aan jou ma", én: "Ek hou daarvan dat jy en Gawie maats is. Hy is 'n ware seun – rof en taai. Ek was ook so. Jy moet ook so wees."

Die knyptang waarin die seun hom bevind, is dat hy nie tegelyk sy pa én ma se wense kan gehoorsaam nie.

Is hy gehoorsaam aan sy ma, is hy ongehoorsaam aan sy pa, en andersom.

Sulke kontradiksies kan met velerlei variasies en baie subtiel mense se psigiese welsyn bedreig.

Die deelhebbers self begryp dikwels nie wat aangaan nie; weet net hul verhoudings vlot nie en dat hulle diep ongelukkig is.

Hoe mense met mekaar praat, kan egter terapeuties wees aan die hand van die Chileense digter Vicente Huidobro se grondreël: "Laat jou taal 'n sleutel wees wat 'n duisend deure oopmaak ... Skep nuwe moontlikhede en waak oor jou woord; elke byvoeglike naamwoord wat geen lewe skenk, pleeg moord."

Wegsending

Liefdegawes

Gebed

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877